

# ALTACOR®

Registration Number/Registrasie Nommer L8467, Act No. 36 of 1947/Wet 36 van 1947

**READ THE LABEL BEFORE USE/ LEES DIE ETIKET VOOR GEBRUIK  
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS / HOU BUIITE BEREIK VAN  
KINDERS EN DIERE**

<b>GROUP/GROEP</b>	<b>28</b>	<b>INSECTICIDES</b>	<b>INSEKDODERS</b>
--------------------	-----------	---------------------	--------------------

<b>A water dispersible granule stomach and contact insecticide for the control of codling moth and African bollworm in apples and pears; false codling moth and African bollworm in plums, peaches &amp; nectarines, false codling moth on tree nuts, avocados &amp; litchis, false codling moth and African bollworm on table grapes, oriental fruit moth in peaches and nectarines and African bollworm on barley, canola, oats &amp; wheat.</b>	<b>'n Water disperseerbare korrel maag en kontak insekdoder vir die beheer van kodlingmot en Afrika bolwurm in appels en pere; vals kodlingmot en Afrika bolwurm in pruime, perskes &amp; nektariene, vals kodlingmot op neutbome, avokadopere &amp; litchies, vals kodlingmot en Afrika bolwurm op tafel druiwe, Oosterse vrugtemot in perskes en nektariene en Afrika bolwurm op canola, gars, hawer &amp; koring.</b>
--	--



#### HAZARD STATEMENTS:

Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

#### PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Avoid release to the environment

Collect spillage

Dispose of contents/container to an approved waste disposal plant

## WARNING

#### Active ingredient

Chlorantraniliprole (anthranilic diamide) – 350 g/kg

#### Aktiewe bestanddeel

chlorantraniliprool (antraniliese diamied) – 350 g/kg

**Net Mass**

**500g**

**Netto Massa**

#### REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

FMC Chemicals (Pty) Ltd

Company Registration Number: 1988/001451/07

West End Office Park

Building C, Cnr West Ave & Hall Street

Centurion, 0014

Telephone number: +27 (76) 875 4432

[www.ag.fmc.com/za/en](http://www.ag.fmc.com/za/en)

**Batch Number**

**Date of Manufacture**

**Expiry Date**

**Printed on Container**

**Printed on Container**

**2 Years from date of  
manufacture**

**Lot Nommer**

**Datum van Vervaardiging**

**Vervaldatum**

**UN Number/VN Nommer**

**3077**

**For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison  
Information Centre (24 hrs)  
Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging  
Inligtingsentrum (24 hr)**

**+27-(0)-82-446-8946**

## WAARSKUWINGS:

### **GEVAAR STELLINGS:**

Baie giftig vir akwatiese lewe met langdurige effekte.

- **ONTHOUDING PERIODES:** Die volgende minimum aantal dae (onthouding periode) moet verloop tussen laaste toediening en oes:

Appels	14
Avokadopere	14
Canola	1
Druive (tafel)	3
Gars	1
Hawer	1
Koring	1
Litchies	14
Neutbome	10
Pere	14
Perskes & Nektariene	14
Pruime	14

- Hanteer versigtig.
- Dit is onwaarskynlik dat hierdie produk skadelik sal wees wanneer ingeasem word of deur velkontak.
- Hierdie produk is giftig vir waterlewende ongewerwede diere.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Berg weg van voedsel en voer in die geslote, ge-etiketeerde oorspronklike houer by 'n temperatuur van nie hoër as 25°C nie.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot hoë residue of ander ongewenste resultate.
- **HERBETREDING:** Moet nie die behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie.

### **MAKSIMUM RESIDU VLAKKE – BELANGRIKE NOTA:**

Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Voordat ALTACOR® toegedien word, raadpleeg u naaste lokale FMC verteenwoordiger, asook die nuutste "Deciduous Fruit Producers' Trust" (DFTP) lysie met MRL inligting en aanbevole PHI soos gepubliseer op die DFTP webblad vir die nuutste opgedateerde besonderhede vir produkte wat vir uitvoer bestem is.

### **VRYWARING:**

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die

**betrokke middel as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMAATREËLS:**

**VOORSORGSTELLINGS:**

Vermyn vrystelling na die omgewing

Versamel gemorste produk

Gooi inhoud/houer weg in 'n goedgekeurde herwinnings-aanleg

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Moet nie behandelde gebiede binnegaan alvorens die spuitstof afgedroog het nie.
- Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere (langmouhemp, langbroek, skoene met kouse en handskoene) dra.
- Was uself na toediening van die produk.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Indien die produk in kontak kom met die oë, was onmiddellik met baie water.
- Indien ingeneem ontbied 'n geneesheer of kontak 'n vergiftigings sentrum.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging voordat hande en gesig gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- **MOET NIE DIREK TOEDIEN OP, OF TOELAAT DAT ANDER GEWASSE ANDERS AS OP DIE ETIKET AANDEDUI, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL WORD NIE.**
- Maak toediener skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie gewasse, weiding of water kan besoedel nie.
- Spoel die leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- Vernietig die leë houer deur gate in te kap en plat te druk, en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.
- Hierdie produk is giftig vir sywurms. Moenie toelaat dat die produk wegdryf na sywurm produksiegebiede of moerbeiboorde nie. Om skade te voorkom, moet die produk versigtig gebruik word in gebiede waar wenslike nie-teiken spesies teenwoordig mag wees.

## **NOODHULP MAATREËLS:**

### ***Algemene advies***

Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose person gee nie.

### ***Inaseming***

Nie gevaarlik deur inaseming nie.

Raadpleeg 'n dokter na beduidende blootstelling.

### ***Velkontak***

Nie gevaarlik deur velkontak nie.

As dit op die vel beland, spoel goed af met water.

Was besoedelde klere voordat dit weer gebruik word.

### ***Oogkontak***

Hou oog oop en spoel stadig en versigtig met water uit vir 15-20 minute.

As oog irritasie voortduur, raadpleeg 'n spesialis.

### ***Inname***

Nie gevaarlik deur inname nie.

Raadpleeg 'n dokter indien nodig.

## **WEERSTANDS STELLING:**

Wanneer insekdoders met dieselfde wyse van werking herhaaldelik oor 'n paar jaar in dieselfde gebied gebruik word, kan minder sensitiewe individue, wat natuurlik voorkom oorleef, voortplant en dominant word in daardie gebied. 'n Insek word beskou as weerstandbiedend teen 'n insekdoder as dit oorleef na 'n korrek toegepaste behandeling teen die aanbevole dosis en tydsberekening onder normale weerstoestande en 'n toets met 'n geskikte bioassay bevestig die gebrek aan aktiwiteit. Wanneer weerstand voorkom, sal aanbevole dosisse versuim om die plaagbevolking onder ekonomiese drempels te onderdruk. Ontwikkeling van weerstand kan voorkom of vertraag word deur produkte met verskillende wyse van werking af te wissel. Vir meer inligting oor insekweerstand monitoring, besoek die weerstand teen insekdoders Aksiekomitee (IRAC) op die web by (<http://www.irac-online.org>).

**ALTACOR®** is 'n IRAC Groep 28 Insekdoder (ryanodien reseptor modulator - diamied). Herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van **ALTACOR®** kan lei tot die opbou van weerstandige rasse van insekte in 'n sekere gewasse. Sommige insekte is bekend daarvoor dat hulle weerstand opbou teen produkte wat herhaaldelik gebruik word. Omdat weerstandsontwikkeling nie voorspel kan word nie, kan hierdie produk gebruik word as deel van 'n weerstandsbeheer strategie vir die gebruik area. Hierdie strategieë kan die volgende insluit: insluiting van kulturele en biologiese beheer praktyke, afwisseling van insekdoders met verskillende wyses van werking en die teiken van die mees vatbare lewensfasies. Raadpleeg jou plaaslike of area landbou owerhede vir besonderhede, en volg die aanbevole IRAC leiding vir die gebruik van ryanodien reseptor modulator - diamied insekdoders (<http://www.irac-online.org>).

## **Beste praktyke vir weerstandsbestuur van Groep 28 insekdoders, sluit in:**

Vermyn die gebruik van insekdoders met dieselfde wyse van werking (dieselfde IRAC groepnommer) op opeenvolgende generasies van insekte.

Wend **ALTACOR®** of ander Groep 28 insekdoders met behulp van 'n "venster" benadering toe om die blootstelling van verskeie opeenvolgende plaaggeslagte aan dieselfde wyse van werkings aksie te vermyn. 'n Venster word gedefinieer as die tydperk van nawerking van insekdoders van dieselfde wyse van werking binne 'n geskatte 30 dae. Twee opeenvolgende toedienings van **ALTACOR®** kan binne 'n behandelingsvenster nuwe groei beskerm of hoë plaagbevolkings beheer. Na 'n venster gebruik met **ALTACOR®** of ander Groep 28 insekdoders wissel na 'n effektiewe insekdoder met 'n ander wyse van werking.

Die tydperk tussen groep 28 behandelingsvensters behoort ten minste 60 dae te wees, beginnende van die laaste behandeling van groep 28 insekdoders.

Vermyn die gebruik van minder as die aanbevole dosisse van **ALTACOR®** wanneer alleen of in tenkmengsels toegedien word.

Teiken die mees sensitiewe lewenstadium van die plaag, gewoonlik jong larwes.

Inkorporeer IPM praktyke (kulturele en biologiese beheer) in die plaagbeheerprogram.

Monitor insekbevolkings vir die verlies van veld doeltreffendheid. As probleme met beheer ervaar word, en weerstand is 'n redelike oorsaak, raadpleeg onmiddelik die plaaslike FMC verteenwoordiger of landboukundige adviseur vir die beste alternatiewe metode van beheer vir die area.

\* IRAC - Weerstand teen insekdoders Aksie Komitee. Vir meer inligting oor insekweerstand besoek die web by <http://www.irac-online.org>.

## **ALGEMENE INLIGTING:**

**ALTACOR®** beskik oor 'n unieke werkingsmeganisme deur aan die ryanodien reseptore van insekte te bind en die bogenoemde reseptore te aktiveer. Hierdie aktivering stimuleer die vrylating en uitputting van kalsium vanuit die interne stoorplekke van spiere, wat lei tot verswakte spier regulering, verlamming en die uiteindelik dood van die insek. Dood van die

plaag vind binne 2-3 dae plaas, maar inhibisie van insekbeweging en voeding vind vinnig plaas.

**ALTACOR®** is aktief as 'n larfdoder deur inname (maagaksie) en deur kutikulêre absorpsie (kontakaksie).

**ALTACOR®** beheer hoofsaaklik Lepidoptera insekplae, maar beheer ook sommige insekplae in ander Ordes bv. Coleoptera, Diptera ens. Daar is bewys dat **ALTACOR®** toedienings betekenisvolle populasies van baie voordelige insekte (predatore, parasitoïede en bestuiwers) asook predatoriese myte agterlaat en kan dus effektief in Geïntegreerde Plaagbeheer programme gebruik word.

#### **BYE EN ANDER VOORDELIGE GELEEDPOTIGES:**

Moet nie spuit wanneer bestuiwers aktief is nie. **ALTACOR®** help bewaar 'n groot aantal voordelige geleedpotiges (parasitoïede en predatore). Terwyl hierdie voordelige geleedpotiges nie vertrou kan word om peste te beheer nie, is hulle van potensiële waarde en moet hulle saam met peste in plaagbestuur programme op hierdie gewasse gemonitor word.

#### **REËNVASTHEID:**

**ALTACOR®** sal nie deur reën of sprinkelbesproeiing afgewas word nadat die spuitmengsel op die loof en vrugte afgedroog het (wat tot 2 uur kan neem na toediening) nie en dit behoort dus geen invloed op die normale nawerking van die produk te hê nie. Nieteenstaande kan herhaaldelike abnormale reënval/oorhoofse besproeiing na afloop van toediening die effektiwiteit van die produk verminder.

#### **BESTUUR VAN SPUITSTOF WEGDRYWING:**

Spesiale sorg moet geneem word om spuitstof wegdrywing buite die doelgebied of na damme, waterweë of slote te vermy. Die toediening van groter druppels verminder die potensiaal van wegdrywing, maar sal nie wegdrywing voorkom as toedienings verkeerdelik of onder ongunstige omgewingstoestande gemaak word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die toediener om te verseker dat aanbevole toedienings onder geskikte omstandighede gemaak word en dat geen wegdrywing plaasvind nie.

#### **GEBRUIKSAANWYSINGS:**

#### **GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI**

#### **VERENIGBAARHEID:**

Die tenkmengsel verenigbaarheid van **ALTACOR®** is nog nie volledig ondersoek nie. **ALTACOR®** is verenigbaar met Dithane® M-45 800 WP (Reg. Nr. L2914 Wet Nr. 36 van 1947) en Dithane® 750 WG Neotec (Reg. Nr. L4213 Wet Nr. 36 van 1947).

Vir meer inligting aangaande verenigbaarheid kontak u naaste FMC verteenwoordiger.

Daar word aanbeveel dat gebruikers eers 'n klein hoeveelheid van die verlangde tenkmengsel met **ALTACOR®** opmaak en kyk vir enige ongewensde veranderinge (afsaksels, vlokkulasie, ens.). Vermy tenkmengsels met verskeie produkte.

#### **TENKMENGSEL VERMENGING:**

Spuittoerusting moet skoon en vry van ander plaagdoder neerslae wees voor **ALTACOR®** toegedien word. Maak die spuittenk  $\frac{1}{4}$  tot  $\frac{1}{2}$  vol met skoon water. Vermeng die **ALTACOR®** vooraf met 'n bietjie skoon water voordat dit in die spuitenk gevoeg word. Meng deeglik totdat die

**ALTACOR®** ten volle dispergeer en hou aan met roer (gebruik slegs meganiese of hidroliese roer) na afloop van dispergering van die produk.

### **TENKMENGSEL VOLGORDE:**

Meng verskillende formulاسie soos in die onderstaande volgorde aangedui\*. Laat tyd toe vir volledige vermenging en verspreiding na byvoeging van elke produk.

1. Water oplosbare sak.
2. **ALTACOR®** en ander water dispergeerbare korrels.
3. Benatbare poeiers.
4. Water gebaseerde suspensie konsentrate.
5. Water-oplosbare konsentrate.
6. Olie gebaseerde suspensie konsentrate.
7. Emulgeerbare konsentrate.
8. Bymiddels, surfaktante, olies.
9. Oplosbare kunsmis.
10. Wegdryf vertragers.

\* Tensy anders gespesifiseer deur vervaardiger gebruiksaanwysings of deur plaaslike ervaring.

Laat genoeg tyd toe vir totale vermenging en dispergering nadat elke produk bygevoeg is. Verwys ook na **VERENIGBAARHEIDS** stelling hierbo.

### **TOEDIENING:**

Dien **ALTACOR®** as 'n volle dekbespuiting met konvensionele boord spuittoerusting toe, wat korrek gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en die korrekte dosis per hektaar te verkry.

Die dosis van **ALTACOR®** per hektaar moet volgens die boom-ry-volume (BRV) van die boord, ongeag die werklike volume water toegedien, bereken word. Die BRV is die water volume nodig wanneer die bome hul volle blaardekking het en word bereken volgens die volgende formule:

$$BRV = \frac{\text{Boomhoogte}^* (m) \times \text{Boom deursnee}^* (m) \times 937}{\text{Rywydte (m)}}$$

\*(Boomhoogte en boomdeursnee moet gemeet word gedurende die somer wanneer die bome hul volle blaardekking het)

**ALTACOR®** kan toegedien word, of as 'n hoë volume toediening (water volume/ha gelyk aan BRV) of as 'n gekonsentreerde, lae volume toediening, waar die werklike watervolume toegedien laer as die BRV is. In beide gevalle moet die hoeveelheid **ALTACOR®** toegedien per hektaar konstant (volgens die BRV) bly. Moet nie **ALTACOR®** in 'n watervolume van minder as ¼ van BRV (m.a.w. nie hoër as 4X konsentrasie) toedien nie.

Toedienings (water) volumes aanbeveel op die verskillende groeistadium van die boom:

### **KERNVRUGTE (APPELS & PERE):**

<b>Groeistadium</b>	<b>% van BRV vereiste/ha</b>
Vanaf groenpunt tot ± 30% blom	60 %
Vanaf ± volblom tot ± mid November	80 %
Vanaf ± begin van Desember	100 %

**PRUIME, PERSKES & NEKTARIENE:**

Groeistadium	% van BRV vereiste/ha
Bot tot volle bloei	60 %
75% blomblaarval tot 1 maand later (Mid seisoen)	80 %
Middel van die seisoen tot Na-oes	100 %

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>APPELS &amp; PERE:</b></p> <p>Afrika bolwurm (larves) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> voorkomend, of wanneer eiers of jong larwes teenwoordig is, maar voordat die larwes die vrugte binnedring toe. Dien <b>ALTACOR®</b> as 'n volle dekbespuiting teen spuitvolumes vanaf 800 tot en met 3000 liter spuitmengsel per hektaar toe.</p> <p>'n Opvolg <b>ALTACOR®</b> toediening mag nodig wees 10-14 dae later, afhangend van herinfestasië van die plaag. Verseker deeglike bedekking van die loof en ontwikkelende vrugte.</p> <p>Moet nie 3 <b>ALTACOR®</b> toedienings per seisoen, insluitend toedienings met hierdie produk teen kodlingmot oorskrei nie (verwys na aanbevelings hierbo).</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL's vereistes vir uitvoer gewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>



GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>APPELS &amp; PERE: (vervolg)</b></p> <p>Kodlingmot (larwes) <i>Cydia pomonella</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> as 'n volle dekbespuiting teen spuitvolumes vanaf 800 tot en met 3000 liter spuitmengsel per hektaar, afhangend van die grootte van die bome en die groeistadium van die gewas toe. Verseker deeglike bedekking van die loof en ontwikkelende vrugte.</p> <p><b>ALTACOR®</b> kan toegedien word teen die eerste, tweede of derde generasie van die plaag. Ten einde egter die ontwikkeling van weerstand te voorkom, moet produkte met verskillende meganismes van werking teen die verskillende generasies van kodlingmot toegedien word, bv. <b>STEWARD®</b> in die eerste generasie, veral wanneer gebande vrugte kalanders (snuitkewers) ook teenwoordig is. Verwys na die <b>STEWARD®</b> etiket vir volledige besonderhede. Indien <b>ALTACOR®</b> teen die eerste kodlingmot generasie toegedien word, moet toediening nie later as 75% blomblaarval in aanvang neem nie. Dien <b>ALTACOR®</b> altyd in 'n spuitprogram toe en moet nie spuitintervalle van 14 dae tussen opeenvolgende toedienings oorskry nie.</p> <p>Moet nie 3 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen, insluitend toedienings met hierdie produk teen Afrika bolwurm oorskrei nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>AVOKADOPERE:</b></p> <p>Valskodlingmot (larwes) <i>Thaumatotibia leucotreta</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe as 'n volle blaardekbespuiting teen spuitvolumes van 2000 tot 4000 liter spuitmengsel per hektaar afhangend van die stadium van die gewas. Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter, soos <b>TREND® 90</b>, mag die insek beheer potensiaal van <b>ALTACOR®</b> bevorder. Verseker deeglike bedekking van die blare en die ontwikkelende vrugte.</p> <p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer feromoonlokvalle op 'n besmetting van valskodlingmot dui wat tipies voorkom by die aanvang van vrugrypwording. Verdere toedienings moet gemaak word met 10 dae intervalle indien nodig.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA onder "WAARSKUWINGS".</b> Die noodregistrasie vir Avokadopere vir die beheer van Vals Kodlingmot is gebaseer op beperkte data en ervaring ten opsigte van doeltreffendheid en gewasveiligheid. Daarom is gebruik die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener. Toediener word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal of groot areas gebruik word.</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>CANOLA:</b></p> <p>Afrika bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>85 g/ha</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe aan die begin van die besmetting wanneer die eerste bolwurm eiers, of klein larwes, waargeneem word.</p> <p>Onder toestande van herbesmetting kan 'n tweede toediening van <b>ALTACOR®</b> 7 dae later toegedien word.</p> <p>Moenie 2 toedienings per seisoen in totaal van <b>ALTACOR®</b> oorskry nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>ALTACOR®</b> met produkte wat 'n ander wyse van werking het (bv. <b>STEWARD® 150 EC</b> of <b>STEWARD®</b>) word aanbeveel.</p> <p>Laat 1 dag toe tussen laaste <b>ALTACOR®</b> bespuiting en oes.</p> <p>Die noodregistrasie vir Canola vir die beheer van Afrika Bolwurm is gebaseer op beperkte en / of beperkte data en ervaring op doeltreffendheid en gewasveiligheid. Daarom is die gebruik op die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener.</p> <p>Toedieners word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal en / of groot gebied gebruik word.</p>
<p><b>DRUIWE (Tafel):</b></p> <p>Vals Kodlingmot <i>Thaumatotibia leucotreta</i></p> <p>African Bollworm <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe as 'n volle blaardekbespuiting teen spuitvolumes van 1000 tot 1500 liter spuitmengsel per hektaar afhangend van die stadium van die gewas. Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter, soos <b>TREND® 90</b>, mag die insek beheer potensiaal van <b>ALTACOR®</b> bevorder. Verseker deeglike bedekking van die blare en die ontwikkelende vrugte.</p> <p><b>VALS KODLINGMOT:</b> Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer feromoonlokvalle op 'n besmetting van valskodlingmot dui wat tipies voorkom by die aanvang van vrugrypwording. Verdere toedienings moet gemaak word met 10 dae intervalle indien nodig.</p> <p><b>AFRIKA BOLWURM:</b> Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer eiers of jong larwes teenwoordig is, maar voordat die larwes die vrugte binnegedring het.</p> <p>'n Opvolg <b>ALTACOR®</b> toediening mag nodig wees 10-14 dae later, afhangend van herinfestasië van die plaag.</p> <p>Moet nie meer as 2 toedienings van <b>ALTACOR®</b> per seisoen maak nie.</p> <p>Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 3 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p>

		<p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>
<p><b>GARS &amp; HAWER:</b></p> <p>Afrika bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	85 g/ha	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe aan die begin van die besmetting wanneer die eerste bolwurm eiers, of klein larwes, waargeneem word.</p> <p>Onder toestande van herbesmetting kan 'n tweede toediening van <b>ALTACOR®</b> 7 dae later toegedien word.</p> <p>Moenie 2 toedienings per seisoen in totaal van <b>ALTACOR®</b> oorskry nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>ALTACOR®</b> met produkte wat 'n ander wyse van werking het (bv. <b>STEWARD® 150 EC</b> of <b>STEWARD®</b>) word aanbeveel.</p> <p>Laat 1 dag toe tussen laaste <b>ALTACOR®</b> bespuiting en oes.</p> <p>Die noodregistrasie vir Gars &amp; Hawer vir die beheer van Afrika Bolwurm is gebaseer op beperkte en / of beperkte data en ervaring op doeltreffendheid en gewasveiligheid.</p> <p>Daarom is die gebruik op die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener.</p> <p>Toediener word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal en / of groot gebied gebruik word.</p>
<p><b>KORING:</b></p> <p>Afrika bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	85 g/ha	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe aan die begin van die besmetting wanneer die eerste bolwurm eiers, of klein larwes, waargeneem word.</p> <p>Onder toestande van herbesmetting kan 'n tweede toediening van <b>ALTACOR®</b> 7 dae later toegedien word.</p> <p>Moenie 2 toedienings per seisoen in totaal van <b>ALTACOR®</b> oorskry nie.</p> <p>Die afwisseling van <b>ALTACOR®</b> met produkte wat 'n ander wyse van werking het (bv. <b>STEWARD® 150 EC</b> of <b>STEWARD®</b>) word aanbeveel.</p> <p>Laat 1 dag toe tussen laaste <b>ALTACOR®</b> bespuiting en oes.</p> <p>Die noodregistrasie vir Koring vir die beheer van Afrika Bolwurm is gebaseer op beperkte en / of beperkte data en ervaring op doeltreffendheid en gewasveiligheid.</p> <p>Daarom is die gebruik op die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener.</p> <p>Toediener word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal en / of groot gebied gebruik word.</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>LITCHIES:</b></p> <p>Valskodlingmot (larwes) <i>Thaumatotibia leucotreta</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe as 'n volle blaardekbespuiting teen spuitvolumes van 2000 tot 4000 liter spuitmengsel per hektaar afhangend van die stadium van die gewas. Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter, soos <b>TREND® 90</b>, mag die insek beheer potensiaal van <b>ALTACOR®</b> bevorder. Verseker deeglike bedekking van die blare en die ontwikkelende vrugte.</p> <p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer feromoonlokvalle op 'n besmetting van valskodlingmot dui wat tipies voorkom by die aanvang van vrugrypwording. Verdere toedienings moet gemaak word met 10 dae intervalle indien nodig.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA onder "WAARSKUWINGS".</b> Die noodregistrasie vir Litchies vir die beheer van Vals Kodlingmot is gebaseer op beperkte data en ervaring ten opsigte van doeltreffendheid en gewasveiligheid. Daarom is gebruik die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener. Toedieners word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal of groot areas gebruik word.</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>NEUTBOME</b> <b>(insluitend amandel,</b> <b>kasjoeneut,</b> <b>kastaiing, haselneut,</b> <b>makadamia,</b> <b>pekanneut,</b> <b>pistachio,</b> <b>okkerneut):</b></p> <p>Valskodlingmot (larwes) <i>Thaumatotibia</i> <i>leucotreta</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe as 'n volle blaardekbespuiting teen spuitvolumes van 2000 tot 4000 liter spuitmengsel per hektaar afhangend van die stadium van die gewas. Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter, soos <b>TREND® 90</b>, mag die insek beheer potensiaal van <b>ALTACOR®</b> bevorder. Verseker deeglike bedekking van die blare en die ontwikkelende vrugte.</p> <p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer feromoonlokvalle op 'n besmetting van valskodlingmot dui wat tipies voorkom by die aanvang van vrugrypwording. Verdere toedienings moet gemaak word met 10 dae intervale indien nodig.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 10 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA onder "WAARSKUWINGS".</b> Die noodregistrasie vir Neutbome vir die beheer van Vals Kodlingmot is gebaseer op beperkte data en ervaring ten opsigte van doeltreffendheid en gewasveiligheid. Daarom is gebruik die uitsluitlike risiko en verantwoordelikheid van die toediener. Toedieners word sterk aangeraai om 'n klein area te bespuit voordat dit op groot skaal of groot areas gebruik word.</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>PERSKES &amp; NEKTARIENE:</b></p> <p>Afrika Bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer eiers of jong larwes opgemerk word maar voordat larwes vrugskade kan aanrig. Dien <b>ALTACOR®</b> in 500 tot 2000 liter spuitmengsel per hektaar toe. 'n Opvolg toediening van <b>ALTACOR®</b> mag 10-14 dae later nodig wees, afhange van of herbesmetting van die plaag voorkom of nie. Deeglike bedekking van die blare en ontwikkelende vrugte is noodsaaklik.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas, insluitend toedienings teen valskodlingmot of Oosterse vrugtemot, maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>PERSKES &amp; NEKTARIENE: (vervolg)</b></p> <p>Valskodlingmot (larwes) <i>Thaumatotibia leucotreta</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe as 'n volle blaardekbespuiting teen spuitvolumes van 500 tot 2000 liter spuitmengsel per hektaar afhangend van die stadium van die gewas. Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter, soos <b>TREND® 90</b>, mag die insek beheer potensiaal van <b>ALTACOR®</b> bevorder. Verseker deeglike bedekking van die blare en die ontwikkelende vrugte.</p> <p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer feromoonlokvalle op 'n besmetting van valskodlingmot dui wat tipies voorkom by die aanvang van vrugrypwording. Verdere toedienings moet gemaak word met 14 dae intervalle indien nodig.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas, insluitend toedienings teen valskodlingmot of Oosterse vrugtemot, maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>



GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>PERSKES &amp; NEKTARIENE: (vervolg)</b></p> <p>Oosterse Vrugtemot (OFM) (Larvae) <i>Grapholita molesta</i></p>	<p>10-12 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe as 'n volle dekbespuiting teen 500-2000 liter spuitmengsel per hektaar. Monitor feromoon lokvalle en pas toe volgens die dag-graad model. Vestig die eerste biofiksering datum en maak eerste toediening wanneer ongeveer 500 dag grade opgehoop het. Maak die tweede toediening wanneer 420-510 dag grade opgehoop het na die tweede biofikseringdatum. Toedienings moet versigtig beplan word voordat pas uitgebroeide larwes in lote of vrugte kan intonnel. <b>Gebruik die hoër dosis onder toestande van hoë OFM druk.</b></p> <p>Goeie bedekking is noodsaaklik. Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter, soos <b>TREND® 90</b>, mag die insek beheer potensiaal van <b>ALTACOR®</b> bevorder.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas, insluitend toedienings teen valskodlingmot of Oosterse vrugtemot, maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>PRUIME:</b></p> <p>Afrika bolwurm (Larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer eiers of jong larwes opgemerk word maar voordat larwes vrugskade kan aanrig. Dien <b>ALTACOR®</b> in 500 tot 2000 liter spuitmengsel per hektaar toe afhangende van die grootte van die bome en die gewasstadium. 'n Opvolg toediening van <b>ALTACOR®</b> mag 10-14 dae later nodig wees, afhangende van of herbesmetting van die plaag voorkom of nie. Deeglike bedekking van die blare en ontwikkelende vrugte is noodsaaklik.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas, insluitend toedienings teen valskodlingmot of Oosterse vrugtemot, maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p><b>PRUIME: (vervolg)</b></p> <p>Valskodlingmot (larwes) <i>Thaumatotibia leucotreta</i></p>	<p>10 g/100 l spuitmengsel (maksimum 300 g/ha)</p>	<p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe as 'n volle blaardekbespuiting teen spuitvolumes van 500 tot 2000 liter spuitmengsel per hektaar afhangend van die groter van die bome en die stadium van die gewas. Die byvoeging van 'n geregistreerde nie-ioniese benatter, soos <b>TREND® 90</b>, mag die insek beheer potensiaal van <b>ALTACOR®</b> bevorder. Verseker deeglike bedekking van die blare en die ontwikkelende vrugte.</p> <p>Dien <b>ALTACOR®</b> toe wanneer feromoonlokvalle op 'n besmetting van valskodlingmot dui wat tipies voorkom by die aanvang van vrugrypwording. Verdere toedienings moet gemaak word met 14 dae intervalle indien nodig.</p> <p>Moet nie meer as 2 <b>ALTACOR®</b> toedienings in totaal per seisoen op die gewas, insluitend toedienings teen valskodlingmot of Oosterse vrugtemot, maak nie. Indien enige verdere beheer van die plaag vereis word dien 'n insekdoder toe wat nie aan chemiese groepkode 28 behoort nie.</p> <p><b>Laat 14 dae tussen die laaste ALTACOR® toediening en oes.</b></p> <p><b><u>BELANGRIKE NOTA:</u></b> Die onthoudings periode of vooroes wagperiode (PHI), m.a.w. die aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan die lokale maksimum residuvlak beperkings (MRL's), maar mag nie noodwendig aan die MRL vereistes wat betrekking het op uitvoergewasse voldoen nie. Verwys ook na <b>MAKSIMUM RESIDU VLAKKE - BELANGRIKE NOTA</b> onder "WAARSKUWINGS".</p>

#### **ERKENNING VAN GEREGISTREERDE PRODUKTE:**

- Dithane® M-45 800 WP en Dithane® 750 WG Neotec is die geregistreerde produkte van Dow AgroSciences (Pty) Ltd.
- TREND® 90, Steward® 150 EC en Steward® WG is die geregistreerde produkte van FMC Chemicals (Pty) Ltd.